SÊ JOU SÊ!

KONSEPBELEID OOR EN REAKSIEPLAN VIR BEDROGVOORKOMING, EN KONSEPONTHULLINGSBELEID

Die Stad Kaapstad lê hiermee sy konsepbeleid oor en reaksieplan vir bedrogvoorkoming en sy konseponthullingsbeleid (fluitjieblaasbeleid) voor.

Die voorneme met die konsepbeleid oor en reaksieplan vir bedrogvoorkoming is om:

- Bewustheid onder personeellede en werkers te kweek oor hul verantwoordelikheid om openbare hulpbronne teen die risiko van bedrog, korrupsie en ander misdadige aktiwiteit asook wanadministrasie te beveilig
- Verantwoordelikhede uiteen te sit vir die voorkoming en opsporing van bedrog, korrupsie en ander misdadige aktiwiteit asook wanadministrasie deur Stadspersoneel, munisipale entiteite, agente, kontrakteurs, verskaffers of diensverskaffers
- Alle personeel en werkers aan te moedig om te alle tye met eerlikheid en integriteit op te tree, en so 'n etiese en waardegedrewe werkskultuur te skep
- Bewustheid te kweek oor die aanmelding van werklike of vermoedelike voorvalle van bedrog, korrupsie en ander misdadige aktiwiteit asook wanadministrasie in die Stad

Die voorneme met die konseponthullingsbeleid is om:

- Die werknemer of werker in te lig dat daar wetgewing is wat openbaarmaking(s) reguleer en oor die belangrikheid van nakoming van sodanige wetgewing wanneer die gemelde openbaarmaking(s) gedoen word
- Werknemers en werkers te verseker dat hulle beskerm word teen beroepsbenadeling (bv. vergelding of viktimisering) weens onthulling te goeder trou
- Kanale in die Stad te voorsien waardeur werknemers en werkers 'n beskermde openbaarmaking kan doen
- Werknemers en werkers in te lig oor die eskalasieprosesse sou hulle ontevrede wees met die reaksie op hul beskermde openbaarmaking
- Remediërende stappe te bied sou 'n werknemer of werker 'n beskermde openbaarmaking te goeder trou doen en as gevolg daarvan beroepsbenadeling ervaar

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê. Die tydperk vir openbare kommentaar is van 1 Augustus 2022 tot 31 Augustus 2022.

Die publiek en personeel word genooi om kommentaar oor die konsepbeleid oor en reaksieplan vir bedrogvoorkoming en die konseponthullingsbeleid aan die munisipaliteit voor te lê.

Kommentaar, insette of aanbevelings kan voorgelê word per:

- E-pos: fs.publicparticipation@capetown.gov.za
- Internet: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat gestrem is en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle besware aan te teken en aan die Stad voor te lê. Bel asseblief 0800 212 176 vir die voorsiening van sodanige bystand.

Die konsepbeleide kan besigtig word op www.capetown.gov.za/haveyoursay, by alle subraadskantore en alle openbare biblioteke regdeur Kaapstad.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA98/2022

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.